education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V2

## PRAKTIES

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 50**

**TYD:** AFDELING A moet gedurende die 3de kwartaal gedoen word.
AFDELING B moet aan die einde van die 3de kwartaal OF aan die begin van die vierde kwartaal gedoen word, deur van 'n maksimum van 18 ure gebruik te maak.

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

   AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

   AFDELING B: DIE KUNSWERK

3. Jou finale kunspraktíes-eksamen vir Graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal ten toon gestel word. Daar word gehoop dat jy dit sal geniet om dié kunswerk te skep en dat dit vars en oorspronklik sal wees en jou persoonlike ervaring sal uitbeeld.

In hierdie eksamen word daar verwag dat jy die volgende vaardighede demonstreer:

- Om onafhanklik en kreatief (gevorderde) benaderings toe te pas in antwoord op 'n projek-opdrag
- Om 'n gevorderde graad van tegniese vaardighede in die gebruik van 'n verskeidenheid materiale en tegnieke te demonstreer
- Om visuele en konseptuele probleme met die skep van verbeeldingryke en vernuwende kunswerke op te los deur 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal te gebruik
- Om tyd en die werkproses effektief te bestuur, en om jou eie werk op 'n professionele manier wat die ekspressiewe en konseptuele impak daarvan vergroot, aan te bied

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

Die bronboek vorm 'n belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk lei.

Die bronboek moet die volgende insluit:

- Alle idees en oplossings wat jy nagevors en ondersoek het.
- Al jou bronmateriaal. Dit sluit tekene vanaf die lewe, foto's, beelde uit tydskrifte en koerante, gedigte, lirieke, gevonde objekte, ensovoorts in. Oorweeg dit om, waar relevant, jou eie foto's te neem.
- Al jou voorbereidende komposisionele sketse, tekeninge, notas en navorsing gebaseer op jou bronne. Dit is belangrik om die bronne jou eie te maak deur dit te skets, jukstaposisies daarvan te beplan en oorspronklike komposisies te skep.
- Geskrewe verduidelikings en notas oor hoe jy die onderwerp gaan benader.
- Twee finale komposisietekeninge/-collages/-assemblages om as verwysing in die finale kunswerk te gebruik.

## AFDELING B: DIE KUNSWERK

Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te produseer *in die praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gebruik het.* (Verwys na LPG – Vakraamwerkinhoud.)

Jou kunswerk mag as 'n enkele stuk, of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks van werke wat as een werk gesien word, aangebied word, as jy tweedimensioneel werk.

Direkte kopiëring van 'n beeld wat nie jou eie is nie, sal gepenaliseer word. Dit is belangrik dat bronmateriaal 'n proses van transformasie/verandering ondergaan.


**Algemene riglyne:**

- Jy mag die vraestel met jou kunsopvoeder voor die aanvang van die eksamen bespreek.
- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die kunsopvoeder in die kunsklas voltooi word. GEEN eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word nie.
- Grootte: GEEN beperkings, maar moet beheerbaar wees in terme van vervoer na die eksamensentrum.
- Onthou die belangrikheid van formele elemente van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressief, dekoratief, ensovoorts wees.
- Jy mag ander media insluit om gemengde mediawerk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

**TEMA:**

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en is oop vir 'n wye spektrum van interpretasies binne jou spesifieke dissipline. Jou interpretasie behoort 'n hoogtepunt te wees van die kreatiewe proses waarmee jy in Graad 10 begin het.

# HERINNERINGE



Jorg Immendorf, ***Samelewing van tekortkominge***, 1998. Olie op doek.

**Herinnering, snw.** *Vermoë waardeur dinge herroep word of in die bewussyn gestoor word; beeld of idee voorgestel deur die bewussyn; voortbestaan van so 'n idee*. (Vry vertaal: *Oxford Dictionary*)

Dink na oor jou eie interpretasie van herinneringe.

Jy kan die volgende oorweeg:

- Persoonlike herinneringe
- Kollektiewe herinneringe
- Jou 'herinneringe' van jou visuele kunsstudies deur jou bronboeke as inspirasie te gebruik

Ontwikkel jou eie kreatiewe interpretasie van 'herinneringe'. Jy kan die volgende bronne as inspirasie vir jou finale kunswerk gebruik.



Jan van der Merwe, ***Dit is koud daar buite***, 2004. Installasie.

Op 'n gedeelte van 'n geteëlde vloer is 'n stoel geplaas met 'n vrou se onderrok oor die rugleuning en sitplek gedrapeer, 'n klein elektriese verwarmer, en 'n staander met 'n oop grimeertassie. In die deksel van die tassie is 'n klein televisiemonitor waar 'n naby beeld gesien word van hoe lipstiffie aan lippe gesit word. 'n Tas lê op die vloer.

Al die objekte is met geroeste metaal bedek. Die geroeste blik word gewoonlik gebruik om kos te preserveer – in hierdie geval is probeer om kwesbaarheid en verganklikheid te 'preserveer'. Die chemiese proses van roes is 'n fisiese geveg teen tyd. Die geroeste patina is ook 'n metode waardeur alledaagse objekte in 'argeologiese tyd' geplaas word en ons sodoende dwing om die kontemporêre lewe, veral die alledaagse, te ondersoek en te respekteer.


Kopiereg voorbehou 

*'My werke sluit gevonde objekte beeldmateriaal en rommelmateriaal, wat weggegooi is, in. Ek gebruik geroeste metaal en blikkies wat saamgesmee word met oorgeërfde voorwerpe wat herinneringe oproep.'*
– Jan van der Merwe



Jan van der Merwe, ***Dit is koud daar buite***, 2004. Installasie (detail).

Persoonlike en familieherinneringe word in foto-albums, joernale, briewe en deur mondelinge geskiedenisse bewaar. Aandenkings word as 'n teken van nagedagtenis aan plekke en reise versamel. Die herinneringe van die verre verlede word deur argeologie geopenbaar en in museums bewaar. Volke het nog altyd hul herinneringe deur die oprigting van monumente en gedenktekens bewaar.



Rodney Sauls, ***'n Persoonlike geskiedenis***, 1999. Gemengde media, installasie (detail).

Sauls se onderwerp is die geskiedenis van Distrik Ses, vanwaar 'n hele gemeenskap gewelddadig verwyder is. Hy verwerk die geskiedenis van 'n plek en sy mense deur beelde op materiale te druk.







In hierdie bladsye, geneem uit bronboeke, is beelde en gevonde objekte gekombineer om nuwe betekenisse te skep. Idees soos dié kan nou verder geneem word om die basis vir 'n kunswerk te vorm, byvoorbeeld 'n skildery, 'n collage, 'n vesel-kunswerk, 'n mosaïek, ensovoorts.




Phyllis Dibakwane, ***Verkiesingstemlokaal***, 2004. Naaiwerk van lap.




Willie Bester, ***Oorlogshond***, *2004.* Gemengde media.

Kunstenaars soos Phyllis Dibakwane, van die 'Mapula'-borduurprojek naby Pretoria, en Willie Bester het van sogenaamde nietradisionele kunsmateriale, soos borduurgare en gevonde objekte gebruik gemaak, om oor hul herinneringe te vertel.

Dink nou na oor jou eie interpretasie van herinneringe.

**ASSESSERINGSKRITERIA**

**AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOOK/NAVORSING**

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Leerder se intensie/voorstel | 10 |
| Ondersoek van 'n verskeidenheid van benaderings en idees | 10 |
| Ondersoek en eksperimentering van materiale en tegnieke | 10 |
| Reflektiewe verslag by voltooiing van taak | 10 |
| Tydbestuur | 5 |
| Aanbieding | 5 |
| **TOTAAL** | **50** |

**AFDELING B: DIE KUNSWERK/PRAKTIES**

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/tegnieke | 10 |
| Gebruik van formele kunselemente | 10 |
| Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | 10 |
| Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing | 10 |
| Voltooiing van kunswerk/tydbestuur | 5 |
| Aanbieding van werk | 5 |
| **TOTAAL** | **50** |
| **GEKOMBINEERDE TOTAAL** | **100** |
| **FINALE TOTAAL: GEKOMBINEERDE TOTAAL (100) ÷ 2** | **50** |

**FINALE PUNT:**

**AFDELING A [50] plus AFDELING B [50] = 100 ÷ 2 = 50**

Assessering moet volgens die Vakassesseringsriglyne: Visuele Kunste, Bylae 3 gedoen word.

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK (FET)

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90 – 100 | Uitsonderlike vermoë, rykheid; insigvol; vloeiend; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. **Uitstaande en oorspronklike aanbieding.** |
| **Uitstekend** | 80 – 89 | Treffende impak; die meeste van bogenoemde; gedetailleerd; goed georganiseer en koherent; afgewerk; vaardighede sigbaar; ondersteun deur 'n oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding is oorspronklik en deurdink. **Sommige klein gebreke sigbaar.** |
| **Baie goed** | 70 – 79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder die 'gloei en sprankel'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele bronne; duidelike sorg en moeite geneem vir oorspronklike aanbieding. **Sommige duidelike ongelykhede/foute sigbaar.** |
| **Goed** | 60 – 69 | Interessante visuele aanbieding; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip maar neig na die gewone en stereotipiese oplossings by tye; genoegsame keuse van relevante visuele bronne; redelike moeite gedoen met aanbieding. **Afleibare/duidelike ongelykhede.** |
| **Gemiddeld** | 50 – 59 | Genoegsaam; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; sommige visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; aanvaarbare aanbieding. **Baie afleibare ongelykhede.** |
| **Onder-gemiddeld** | 40 – 49 | Genoeg materiaal/werke om te slaag; nie logies gekonstrueer nie; sommige flitse van insig; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede mag 'n bydraende faktor wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding. **Benodig ondersteuning/motivering om te slaag.** |
| **Swak** | 30 – 39 | Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; min poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysing; algemene tekort aan betrokkenheid. **Benodig ondersteuning/motivering om te slaag.** |
| **Baie swak Druip** | 20 – 29 | Baie min inligting; deurmekaar; nie maklik om na te kyk nie; **min of irrelevante werk/visuele inligting.** Geen poging is aangewend om werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied nie. Algemene gebrek aan betrokkenheid/samewerking. |
| **Onaanvaarbaar Druip** | 00 – 19 | Onsamehangend; **irrelevant, baie min of geen werk**; gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas. Geen betrokkenheid/samewerking. |

**TOTAAL: 50**

Kopiereg voorbehou